



Conquesta 2019


(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
 Koerier: Krantzveweg 105, Kloof 3610, Suid-Afrika / Pos: Posbus 99, Kloof 3640, Suid-Afrika
 Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
 E-Pos: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Afrikaans 1 (Huistaal) – Graad 8

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:-



Voorbeeld 2:-



Bestudeer die brosjure oor vakansie in Ballito en beantwoord vrae 1 – 28.

Vakansie in Ballito - koning Shaka

KwaDukuza, KZN

In die hart van KwaDukuza, sal jy die Koning Shaka Besoekersentrum met die graf en gedenksentrum van koning Shaka kry. Dit is net die plek om gedurende 'n vakansie te besoek indien jy van Geskiedenis hou. Shaka het sy bekende nedersetting hier in 1826 gevestig en dit Dukuza genoem, wat 'wegkruipplek', beteken. Na Nandi (sy ma) se dood, het dit sy permanente woning geword. Hy is hier in September 1828 deur sy broer vermoor. Die sentrum het interessante en opvoedkundige uitstallings oor Shaka se lewe. Artefakte en oudiovisuele programme sal die legende van dié monarg lewendig maak. Ander interessante plekke is die Uitkyk-rots, Shaka se grot en badplek en die krans waar krygers doodgemaak is.

Shaka's Rock

Shaka's Rock het 'n dorpatmosfeer en huisves Thompson's Bay, Charlie's Pool en die inspirerende natuurlike rotsformasie "Hole in the Wall." Dis 'n pragtige plek om vakansie te hou, alhoewel die strande gedurende die Desember vakansie volgepak kan wees. Sommiges sê Shaka's Rock is vernoem na die uitkykpunt waar Shaka graag gesit het. Ander sê dat dit die plek is waar Shaka sy manskappe aangemoedig het om na hul dood te spring, of hulle gestraf het en daar afgestamp is. Gedurende laagwater kan jy van Shaka's Rock na Willardstrand loop.



Salt Rock

Daar heers 'n ontspanne atmosfeer by Salt Rock, wat baie vakansie-akkommodasie bied en baie gewild onder vakansiegangers is. Die naam Salt Rock, is afgelei van die dae toe koning Shaka nog gelewe het. Sy diensmaagde moes droë sout van die rotse gedurende die laaggety bymekaar maak sodat koning Shaka daarmee kon handel dryf.

Shakaskraal

Shakaskraal was lank terug die plek waar sy koninklike militêre stat, KwaHlomendlini, was. Vandag het die dorp invloede van die Ooste, Weste en Afrika. Dit het slegs een hoofstraat en is so karaktervol soos Donald Duck in 'n Walt Disney-flied. Die Moslemmoskee en die Hindutempel is alg. besienswaardighede wat altyd oop vir besoekers is. Jou ma en sussies sal baie daarvan hou om inkopies hier te doen. KwaDukuza herdenk tot vandag toe op 24 September op die King Shaka-ontspanningsgronde, die dood van een van die grootste militêre leiers wie se militêre strategieë beter as enige ander leier in die pre-koloniale Afrika was.

- Gee die meervoud van 'graf'.
 (a) grawte (b) grawe (c) grawwe (d) grafte
- Die vroulike vorm van 'koning', is
 (a) koninggin. (b) koninklike. (c) koningin. (d) koninging.
- Uit watter woorde is 'gedenksentrum', saamgestel?
 (a) dink+trum (b) gedenk+sentrum
 (c) ge+denk+sen+trum (d) ge+denk+sentrum
- Gee die antoniem van 'permanente'.
 (a) blywende (b) voortdurende
 (c) tydelike (d) bevestigde
- Wat is die sinoniem van 'woning'?
 (a) blyplek (b) woninkies
 (c) boomhuis (d) wolkekrabbers
- Verander 'interessante', sodat dit sin sal maak in dié sin: *Ek is in die sentrum se opvoedkundige uitstallings.*
 (a) interessantheid (b) ontinteressante
 (c) geïnteresseerd (d) geïnteresseerd
- Verdeel die woord 'uitstallings', in lettergrepe.
 (a) uit-stallings (b) uitstal-lings
 (c) uit-stal-lings (d) uits-tal-lings
- Waar word 'lewe', as 'n werkwoord gebruik?
 (a) Ek lewe daarvoor om hokkie te speel.
 (b) My lewe is baie geseënd.
 (c) Hy het probleme in sy lewe.
 (d) Jou lewe bestaan uit verskillende fases.
- Gebruik die selfstandige naamwoord 'legende', as 'n attributiewe byvoeglike naamwoord.
 (a) Hoekom word Shaka as legendaries beskou?
 (b) Daar is baie stories van legendes.
 (c) Shaka is legendaries.
 (d) Die legendariese man sal altyd onthou word.
- In watter sin is die werkwoord 'doodgemaak' nie geskei nie?
 (a) Maak hulle dood!
 (b) Shaka het sy krygers doodgemaak.
 (c) Shaka maak sy krygers dood.
 (d) Hy gebruik die krans om die krygers dood te maak.

